VERJAARSDAE : 1 TOT 7 NOVEMBER 2009

11/01	NICOLENE	VAN ROOYEN	8 MT CROSSON CLOSE	Blok 4
11/01	JOEY	VAN ZANTEN	DE LA REYWEG 51A	Blok 4
11/02	CATHY	ANDERSON	DF MALANLN 243	Blok 1
11/02	YOLANDI	ACKERMAN	HANS STRIJDOMLN 40	Blok 4
11/03	LEONETTE	SMIT	HANS STRIJDOMLN 194	Blok 2
11/04	WYNAND	FASCHING	HANS STRIJDOMLN 29	Blok 4
11/04	ANSIE	BLIGNAUT	HANS STRIJDOMLN 199	Blok 2
11/05	JACKIE	COX	DF MALANLN 249	Blok 1
11/05	GUSTAV	VENTER	BETTYSTR 379	Blok 1
11/05	STOFFEL	ROETS	HANS STRIJDOMLN 158	Blok 2
11/06	CARLA	OLIVIER	FLEURPARK WS 3	Blok 1
11/06	ZOEY	VAN WYK	VAN RIEBEECKLN 72	Blok 3
11/07	ELLYN	BOTHMA	HANS STRIJDOMLN 85A	Blok 3
11/07	WILLEM	STOLZ	2DE STRAAT 9	Blok 1

HUWELIKHERDENKINGS : 1 TOT 7 NOEMBER 2009

DINSDAG, 3 NOVEMBER

JONKER	HENRI EN BETSIE	6DE STRAAT 8	Blok 1

VRYDAG, 6 NOVEMBER

DE BRUIN	DAVE EN LYN	KRUGERLN 187	Blok 2

BOOMSLOPING
EN
SNOEI VAN
BOME EN
STRUIKE

KONTAK: ERNST

083 656 4992

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)
Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 1 November 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 1 NOVEMBER
Deurkollekte Noodleniging

09:00 Erediens: Freddie Schoeman (NAGMAAL)
09:00 Kinderediens
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

MAANDAG, 2 NOVEMBER
09:00 Merk van items vir Rommelverkoping
19:00 Bedieningspanvergadering

DINSDAG, 3 NOVEMBER
06:30 Rommelverkoping
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 4 NOVEMBER
17:00 Biduur
19:00 KAF-vergadering

DONDERDAG, 5 NOVEMBER
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SATERDAG, 7 NOVEMBER
08:00-16:00 Ontdek jou Potensiaal

SONDAG, 8 NOVEMBER
Biddag Beskermingsdienste
09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kinderediens
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

DINSDAG, 10 NOVEMBER
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 11 NOVEMBER
17:00 Biduur

DONDERDAG, 12 NOVEMBER
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
19:00 Ouderlinge vergadering (Afsluiting)

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629)

VOORBIDDING

1. Johan en Hester Gerber, DF Malanln 133 met Hester wat 'n knie-operasie ondergaan het (Blok 3)
2. Johan en Elize de Beer, Krugerlaan 218 met Johan wat nou weer tuis is. Dank die Here vir groot beterskap!
3. Willie en Theresa Smith, Hans Strijdomln 235 met Theresa wat in die hospitaal opgeneem is (Blok 1).
4. Ons dink in besonder aan Gustav en Heleen Venter, Bettystr 379 met Gustav wat rekonstruksie-prosedure ondergaan het na die kaping (Blok 1).
5. Pieter en Anna Veldsman, Tecoma WS 4 met Pieter wat behandeling vir kanker ondergaan (Blok 1)

6 Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog steeds wag op 'n skenker vir 'n nieroorplanting. (Blok 2). Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

KERSSANGDIENS

DIE DATUM VAN ONS KERSSANG-DIENS IS SONDAG 29 NOVEMBER OM 18:00 EN NIE 22 NOVEMBER SOOS OP DIE ALMANAK AANGETOON NIE.

PERSONE WAT OP EEN OF ANDER MANIER BEHULPSAAM WIL/KAN WEES BY DIE KERSSANGDIENS, KYK OP BL 2 WAAR U ORAL KAN HELP

U I T N O D I G I N G

KERSSANGDIENS
SONDAG, 29 NOVEMBER 2009

KOM JUBEL SAAM

WANT JESUS IS GROOT

BO ALLES

(Ons tema vir die aand)

Ons wil graag oud en jonk uitnooi na Lyttelton-Oos gemeente se Kerssangdiens op Sondagaand, 29 November 2009 om 18:00 tot 19:30 (Ja, ‘n uur en ‘n half!).

Die ***DOEL*** van hierdie sangdiens is om soveel gemeentelede as moontlik betrokke te maak. Dit is ‘n spanpoging!

Ons jong kinders gaan deelneem en die soliste kom grootliks uit ons eie geledere. ‘n Heerlike saamkuier ná die diens is in vooruitsig.

’n Aand wat ons, as gemeente graag saam jubel oor ons Verlosser wat tweeduisend jaar gelede gebore is.

KERSSANGDIENS

Programbestuurder: Gerda Odendaal (082 859 9340)
Assistant-bestuurder: Mariana Strydom (082 451 5811)

Orrelis en koor:	Dollie Pienaar (079 038 3883)
Dekor vir Tablo’s:	Faan en Magda Buys (083 962 0108/083 304 0424)
Kostuums vir tablo’s:	Marelize Botha (972 339 6136)
Uitdeel van programme:	Tania Roos (082 958 9417) en Jeug
Elektroniese projeksie:	Johan Freysen (664 6325)
Blomme rangskikkings:	Cathy Anderson en span (082 403 0944)
Dekor in kerk::	Ronél Vorster (082 411 3855)
	Tania Roos (083 408 0860)
Sosiale Geselligheid:	Petru Augustyn (071 677 5005)
Opruiming:	Antoinette van Rensburg (083 533 0812)
Vervoer van senior lidmate:	Hardus du Preez (082 887 1364)
Finansiering:	Deur middel van kollekte tydens Kerssangdiens

DIT SAL SOOS VOLG FUNKSIONEER:

Ons het nog steeds Sondagaande aanddiens en daarna gaan ons saam kuier/ speletjies speel en mekaar beter leer ken. (Jammer Belydenisklas maar julle program gaan aan soos gewoonlik).

Die Mentor en kinders kom ooreen watter dag van die week hulle bymekaar wil kom om die tema te bespreek. Dit sal meebring dat die kinders uit die kerkomgewing wegkom en gemaklik en rustig oor die onderwerp kan gesels. Dit bring ook mee dat hulle mekaar op 'n ander vlak beter gaan leer ken. Die eerste bymekaarkoms of soveel keer as wat die Mentor nodig sou vind, sal by die Mentor se huis wees. Daarna wil ons beurte maak om by elke kind se huis 'n bymekaarkoms te reël.

Dit gaan ook meebring dat die ouers die Mentors en kinders in sy/haar kind se groep leer ken, die kinders se ouers mekaar begin leer ken en dan hopenlik op hierdie manier 'n ouerselgroep sal vorm.

Die Mentors bly by die groep tot en met belydenisaflegging, waarna die Mentor vir 'n jaar ‘n breek kan maak as hy/sy wil en dan weer 'n graad 7-groep van voor af neem. Op hierdie manier leer die Mentor die kinders individueel ken en kan dan vinnig agterkom as daar 'n probleem is en die kind dan gehelp en bygestaan word. Dit sal ook voorkom dat 'n kind wat verdwyn in 'n groep vinniger geïdentifiseer word en nouer kontak sal ook met die kind self en sy/haar ouers gehou kan word.

Sommige kinders se program is baie vol, maar liewe ouers, dis net een uur van die week waar jou kind op 'n geestelikevlak vervul kan word en wat hulle baie beslis met hulle druk program gaan help. Want hier gaan hulle naderhand die vymoedigheid hê om dinge te bespreek waar hulle dit nie gewoonlik sou doen nie, m.a.w 'n vertrouens-verhouding word in die groep gevorm.

Ons hoop u verstaan die beweegrede beter en indien u enige verdere vrae het skakel asseblief enige tyd.

MADELAINE STEYN (082 454 2455)

AAN ONS JONGGETROUDE EGPARE

Die Jeugbestuur doen 'n beroep op die Jonggetroude egpare om betrokke te raak by die Jeug. Ons het 'n paar oulike ouer jongmense nodig om ons jeug te lei en beheer oor te neem en die Jeug meer aktief te maak. Ons soek mentors by die juniors en seniors asook 'n Jeugleier wat die leiding kan neem. Dink bietjie daaroor, bid daaroor en kom gesels met my.

MADELAINE STEYN (082 354 2455)

JEUGAANGELEENTHEDE

KATEGESE AFSLUITING!!!

Ons sluit af die 22STE NOVEMBER en gaan weer lekker piekniek hou. Lekker eetgoed en 'n sprinkasteel sal voorsien word. Ons Mentors gaan vir hulle klassies komberse bring en ons nooi die ouers uit om saam te kom piekniek hou.

NAVRAE: Alma Schoeman (012 664-3751/084 583 0565)

SENIOR KATEGETE

Raai wat!! Ons gaan vir John Ellis kuier by NG Kerk Eldoraigne die 1ste November. Ons kom almal by ons kerk om 16h00 bymekaar en vertrek tussen kwart oor vier en half vyf.

Dit begin 17h00 en ons het geen idee wanneer ons terug sal wees nie. So, berei julle ouers daarop voor dat dit dalk ‘n bietjie laat sal wees. As julle vervoerprobleme het na die tyd, moenie bekommerd wees nie, ons sal julle gaan aflaai.

Ons gaan ons bes doen om ons T-hemde teen daardiei tyd klaar te hê sodat ons lekker kan uitstaan!

Kom geniet dit saam met ons.

TERUGVOERING VERGADERING SONDAGAAND 18 OKTOBER 2009

Liewe Ouers - Baie dankie aan u wat die vergadering Sondagaand die 18de bygewoon het en vir u insette daartoe. Ons gaan voort met die reëling van selgroepbediening vir die Jeug.

REDE EN DOEL VAN HIERDIE BEWEGING:

Ons het as Bestuurspan van die Jeug redelik navorsing gedoen oor die uitkoms van die huidige kategeseformaat en gevind dat ons baie van ons Jeug/Jongmense na aflegging van belydenis verloor. Dit bekommer ons geweldig in dié sin dat daar wel van die Jeug/Jongmense na ander gemeentes oorbeweeg, of net totaal van alles wegbly. Daar is bevind dat die Jeug nie behoorlik op hulle vlak bereik word nie en die impak wat ons tans op hulle lewens het nie genoeg is nie. Onthou, ons praat hier in die algemeen. Daar is van ons kinders wie se grondslag t.o.v godsdiens baie goed neergelê is en dit is grootliks as gevolg van die ouerbetrokkenheid en opvoeding. Maar, soos u deeglik bewus is, daar is ouers wat nie deesdae meer soveel aandag en betrokkenheid daaraan skenk nie en dit oorlaat aan die kerk om dit te doen.

Ons stel hierdie selgroepbediening op die proef vir hierdie termyn. Ons voel dat die termyn te kort is om 'n behoorlike assesering te maak, maar gaan nogtans kyk hoe dit kan realiseer. Die grootste doel hiermee is om die kinders te leer om Christenskap in die week ook te beoefen. Dat dit nie net 'n Sondag saak sal wees nie.

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloof-offer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

VAKANSIE BY MARLOTHPARK ...

Geniet ’n heerlike vakansie terwyl die Parknaval met die netto opbrengs begunstig word.
Geleë teen die Krokodilrivier tussen Malelane en Ko-matipoort +- 90 km vanaf beide Maputu en Swaziland.

3 x Dubbelbed en suite kamers; 1x Bo vertrek (Loft) met 4 enkel beddens; totaal 10 persone. Tarief: R200 Volwassenes R150 Kinders 6-18 jr per persoon per dag

Vir besprekings kontak Heinz Meissner : Tel 012 664 3759 / Sel 082 806 8530
e-pos heinzmeissner@vodamail.co.za

Alpha

’n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

19 Januarie 2010—23 Maart 2010

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00
Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op ’n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

OMGEEBEDIENING

Doel: Om mense in ons gemeente wat in nood verkeer om welke rede ook al met liefde en deernis by te staan.

Dit gebeur dikwels dat die onverwagte gebeur: siekte, dood, krisis (inbraak, kaping ens.), finansiële terugslag, werksverlies of –nood. 'n Gemeente moet gerat en ge-örganiseerd wees om mekaar hierin by te staan op een of meer van die volgende maniere:

- Besoeke om te bemoedig en by te staan
- Praktiese hulpverlening (maaltye, ens.)
- Mediese en ander soortgelyke hulp
- Finansiële bystand
- Ander praktiese dienslewering

Daar is ook ander vorms van nood soos: eensaamheid, bewegingsbeperkt-heid en verlies van allerlei aard. Die Here het aan sommige van ons spesifieke gawes en talente gegee wat ons kan aanwend om mense in nood by te staan.

VOLGENDE BYEENKOMS: Maandag 2 November om 19:00 — gemeentesentrum.

ONTDEK JOU POTENSIAAL

7 November 2009

08:00—16:00 in gemeentesentrum

Is ek in die regte beroep / werk? Is ek besig om lewe ten volle te leef? Is ek besig om my talente te ontwikkel en te gebruik? Weet ek wat my sterkpunte is en gebruik ek dit ten minste 75% van elke dag? Wat is my gawes en hoe het die Here my persoonlikheid aanmekaar gesit. Waar kom my persoonlikheid en talente vandaan? Word ek daarmee gebore of wat?

Kan ek dit verander?

Kom ontdek die antwoorde op hierdie vrae deur in te skryf by hierdie werkswinkel.

Koste: R290 per persoon (sluit kursusmateriaal en 'n middagete in)

Deelnemers moet voor die tyd 'n toets op die internet doen en die resultate na die werkswinkel saambring.

Gemeentestruktuur

Die doel van die struktuur van die gemeente is om ons visie, *Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader,* so effektief as moontlik uit te voer. Dit is daarop gemik om dissipels te maak wat baie vrugte dra en is derhalwe gebou rondom vyf kernprosesse. Elkeen van hierdie prosesse is gefokus op een aspek van die vorming van dissipels. Vir dissipels om gevorm te word moet daar vyf dinge gebeur:

- hulle moet gewerf word,
- hulle moet versorg word,
- hulle moet toegewyd gemaak word,
- hulle moet toegerus word vir dienswerk en
- hulle moet uitgestuur word om God se liefde uit te dra.

Om dit te doen is vyf prosesse ontwikkel wat deur onderskeie bedieninge van die gemeente ondersteun word: Die prosesse is:

- die *inkomproses* (wat mense deel maak van die gemeente),
  - ⇒ Die Alpha– kursus, gasvryheidsbediening, gesins– en kinderbediening, Oppokoffie, nuwe intrekkerbediening, Parknaval en ander evangelisasie projekte.
- die *versorgingsproses* (wat mense wat deel is van die gemeente versorg),
  - ⇒ Die omgeebediening (hospitaal– en siekebesoek, traumabediening, berading—o.a. telefoon en e-pos), gebedsnetwerk, helpmekaarbediening, begrafnisbediening, Klub Immergroen en ander soortgelyke be-dieninge)
- die *toewydingsproses* (wat lidmate help om naby aan die Here te leef),
  - ⇒ Beplanning van eredienste (sang en musiek, klank en projeksie, blomme en simboliek, spesiale sangdienste ens.), bidure en Bybelstudiegroepe, gebedsbediening
- die *toerustingsproses* (wat toegewyde lidmate help om hulle potensiaal te ontdek),
  - ⇒ Ontdek jou Potensiaal werkswinkel en leierskapontwikkelingsprogram
- die *uitstuurproses* (wat toegeruste lidmate uitstuur om vrugte te gaan dra en 'n verskil te gaan maak in hulle wêreld.)
  - ⇒ Voedselprojek (Grace Manna), Bybelverspreiding, Aksie Arbeiders vir die Oes (Kruiswegkoffiekroeg, Straatkinderrehabilitasiesentrum, Matlala uitreike)

Hierdie prosesse word gekoördineer deur die *Bedieningspan,* en ondersteun deur vyf taakgroepe: Taakgroep vir Eiendom, Taakgroep vir Finansies, Taakgroep vir Administrasie, Taakgroep vir Kommunikasie en die Taakgroep vir Personeel (wat op hulle beurt weer deur die *Bedryfspan* gekoördineer word).

Die Bedieningspan en die Bedryfspan word bestuur deur die Bestuurspan. Die Bedieningspan vergader elke tweede Maandagaand en die Bedryfspan en die Bestuurspan om die beurt die ander Maandagaande.

TUINBOUPROJEK

Help om ons gemeente se tuin iets van die Here se liefde en heerlikheid te laat uitstraal.

→ Baie dankie aan Hardus du Preez wat gratis vir ons twee 3-ton vragte tuinvullis weggery het. Dit het net só 'n verskil gemaak.

→ Baie dankie aan dié wat met oorgawe skoongemaak en gesnoei het.

→ "Die saak is reg, koop maar die KAN ek sal betaal" – aan die woord is ons voorsitter van die Kerkraad, Johan Bauer. Nie dat hy veel van 'n opsie gegee is nie. Baie dankie Johan vir die KAN … hou die gras dop!

→ Dankie ook aan Pina Conradie en Kitta Bothma wat vir ons plante gegee het.

→ Mariana Strydom vir die borg van 'n tuinwerker, dankie.

Die gras is met KAN bemes maar die hele tuin het organiese bemesting nodig. Faan Buys is besig om borge te soek vir die tuin se "behoeftes/uitgawes". Die Kerkraad kan nie op die oomblik hierdie projek geldelik ondersteun nie.

Ons wil graag in 'n groot deel van die skadutuin o.a. clivias plant. Sal dit moontlik wees om te vra of ELKE TUIN in die gemeente EEN clivia vir kerktuin kan skenk??

Ons wil van die plante uithaal wat ons vir enige persoon wil gee of "verkoop" (nominale prys) onder andere skoonmoederstong, vetplante en sekere grondbedekking.

Kontak Gerda Odendaal (082 859 9340) of
Helét van der Walt (083 556 0532).

UNICA KERSMARK

Die Unica Kersmark het op 30 Oktober 2009 om 09:00 met 'n luisterryke fees van kleur en vrolikheid begin.

Dit duur vanaf 30 Oktober tot 8 November 2009. Deure is oop vanaf 09:00 tot 21:00 daagliks (behalwe Sondae tot 16:00) en beloof dat elke koper 'n aangename en opwindende tydjie saam met ons sal deurbring.

U sal tafels en stalletjies kry wat belaai is met kuns, handewerk, ornamente, juweliersware, naaldwerk, speelgoed en honderde ander dinge wat in die huis gebruik kan word of wat as geskenke gegee kan word gedurende die feesseisoen.

Die mark is 'n ongelooflike prettige uitstappie vir jonk en oud en daar is jaarliks nuwe items beskikbaar sowel as van die ou gunstelinge wat oor die jare mense se verbeelding aangegryp het. As binnenshuise mark, met veilige parkering vir voertuie, is daar geen rede dat enige iemand die mark moet misloop nie.

Alle diensbeurte en werk verbonde aan die Unica Kersmark word deur vrywilligers gedoen – inderdaad 'n mark deur die gemeenskap vir die kleiner gemeenskap van persone met spesiale behoeftes!

Kom geniet die feestelike geleentheid by die Rembrandt Saal van die LC De Villiers Sport Sentrum te Suidstraat, Hillcrest, Pretoria. Alle winste van die mark word aangewend vir dienste wat gelewer word aan persone met Outisme verbonde aan Unicaskool of die Vereniging vir Outisme.

VERKIES TOT OUDERLING

Op die Kerkraadsvergadering van 21 Oktober 2009 is br AW Roos, Cantonmentsweg 1, 664 2943 (Blok 2), verkies tot ouderling.

Arie, sterkte met hierdie belangrike besluit wat jy moet neem. Die gemeente se voorbidding word vir Arie gevra

ROMMELVERKOPING VIR BYBELVERSPREIDING

Die Getuienisaksie se volgende rommelverkoping vir verspreiding van Bybels vind plaas op ***DINSDAG 3 NOVEMBER*** vanaf 06:30. U kan nou reeds u kaste nagaan en wat nie meer vir u van nut is nie, sal vir iemand anders nog handig te pas kom.

Ria Maree, Fitzpatrickweg 21 (664-3364) en Dries van der Merwe, Van Riebeeckln 149 (664-2469) ontvang graag hierdie artikels.

Hou asseblief Maandag 2 November oop en kom help ons om die artikels te merk in die Gemeentesentrum vanaf 09:00.

KOM BID SAAM!

Sondagoggende vanaf 08:00 in bo-kamer
Ons bid vir:

- die erediens
- ons gemeente
- spesiale versoeke terugvoerkaart

Kom berei jouself geestelik voor vir die erediens

Kom wanneer jy kan, bly solank jy wil, gaan wanneer jy moet …

Wanneer gelowiges bid sidder die duiwel

BANTU HLANGANANI (Mense kom bymekaar): WERKSWINKEL VIR NAALDWERKGROEPE

Alle vroue in die gemeente/ gemeenskap word uitgenooi om saam met CMR Lyttelton, Ivory Park en Ebony Park te kom deel in die groei van die handwerkprojekte van Centurion en omgewing. Die groepe se artikels sal uitgestal word en geskenke word oorhandig.

'n Praktiese werkswinkel met 'n demonstrasie oor hoe om 'n halssnoer te maak van houtkrale, gaan aangebied word.

Plek: NG Gemeente Kloofsig
Datum: 7 November 2009 : 08:30

Indien u " Bantu Hlanganani" wil bywoon of 'n skenking wil maak, skakel asb met die maatskaplike werker, Anel Roux of sekretaresse, Annamarie Steyn van CMR Lyttelton, telefoonno. (012) 664-5837 / 664-0901.

GRACE MANNA
Brood van Genade

"Ek was honger en julle het my iets gegee om te eet …" (Matt 6:35)

Elke dag ly talle mense in ons omgewing honger. Ons sien hulle en wil graag help maar weet nie hoe nie. Grace Manna is ons gemeente se voedselprojek waardeur ons elke Dinsdag-, Woensdag- en Vrydagoggend aan ongeveer 70 mense iets gee om te eet. Hulle word ook terselfdertyd geestelike bedien deurdat daar vir hulle gebid word en die evangelie van God se genade en liefde hoor.

'n Volgende fase is werkskepping. Sommige van die mense wat so bedien word, het vaardighede waarmee hulle werk kan kry. Ons wil hulle daarmee help. Ander kan weer verder opgelei word in tuinbou, verfwerk, pleister— en messelwerk asook ander vaardighede.

Hoe kan ek help om hierdie projek van krag tot krag te laat gaan?

Bid, Gee, Dien

BID

Ons sal dit baie waardeer indien jy elke dag hierdie projek aan die Here kan opdra. Bid dat sy liefde op talle maniere getoon sal word en dat mense daardeur aangeraak sal word.

GEE

⇒ Skenk kos in die vorm van brood, eiers, koffie, tee, melk suiker.
⇒ Maak 5 liter roomysbakke vol sop en vries dit.
⇒ Vind borgskappe of gee kontant sodat kos aangekoop kan word.

DIEN

⇒ Berei kos by die huis voor (smeer brood, kook eiers ens.)
⇒ Help op Dindag- , Woensdag– en Donderdagoggende vanaf 06:30 om kos te bedien en / of vir die mense te bid.
⇒ Help met die opstel van 'n databasis van vaardighede.

KONTAK: Retha Wessels 0827720955

As deel van die Parknaval bied ons gemeente 'n vertoning aan in die Centurion Teater deur

MATTHYS ROETS

Op Vrydag 20 November

Kaartjies teen R120.00 per persoon is verkrygbaar by

Tania Roos sell no 082 958 9417

'n kaas en wyn geleentheid word na die vertoning aangebied teen R45.00 per persoon verkrygbaar by Tania Roos 082 958 9417